

# LRF

## onder die vergrootglas



Christopher Sparks.

Deur Christopher Sparks

**D**ie Lewendehawe Registerende Federasie (LRF) verskaf dienste aan sowat 40% van die vleisbeestelbedryf in Suid-Afrika, meer as 80% in Namibië, 100% in Zimbabwe en in verskeie ander Sadec-lande. Die LRF verskaf ook registrasie- en aantekeningdienste aan ander spesies soos kleinvee, suiwelbeeste en perderasse. By die LRF kan lede (telersgenootskappe) gemeenskaplike oogmerke najaag.

### Nasionale databasis

Twee jaar gelede het ons met die SA Nasionale Departement van Landbou, die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die Landbounavorsingsraad (LNR) begin. Die lede van die LRF het almal 'n samewerkingsooreenkoms met die LNR aangegaan ten opsigte van die voorsiening en eienaarskap van alle stamboom- en prestasiedata op die nasionale databasis. Met die ooreenkoms is die aanvoerwerk ook gedoen vir 'n genomiese program wat die hele vleisbeesbedryf sal dien en wat deur die staat befonds sal word.

### Breedplan-aantekeningstelsel

Alle LRF-lede gebruik die Breedplan-aantekening- en registrasieselsel. Breedplan word wêreldwyd meestal deur vleisbeesrasse gebruik word en bedien altesame meer as 100 telersgenootskappe. Die meeste registrasies van beeste in Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Zambië en Zimbabwe word met dié stelsel gedoen en Breedplan het ook 'n beduidende marktaandeel in Amerika, Brasilië en Suid-Afrika.

Sy *Internet Solutions* webgebaseerde stelsel waarin al die inligting van alle diere aan kommersiële boere vertoon word, ontvang meer as twee miljoen navrae per maand. Die Suid-Afrikaanse komponent ontvang meer as 200 000 navrae per maand.

### Samewerking en vergelykings

Ons Suid-Afrikaanse rasse bied graag bystand aan hul internasionale kliënte met internasionale genetiese evaluasies. Dié evaluasies sal lede van 'n telersgenootskap uiteindelik in staat stel om produksiegegewens van alle diere oor landsgrense heen op 'n gelyke basis te vergelyk, op voorwaarde dat omgewingstoestande se invloed op die nageslag nie die rangorde van bulle skommel nie.

Die Limousin-telersgenootskap ontvang byvoorbeeld maandeliks 'n verslag uit een databasis waarin die beraamde BLUP-teelwaardes van diere in Namibië, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland direk vergelyk word. Die Brahman-telersgenootskap het ook ver gevorder met sy internasionale evaluasie waarin Suid-Afrikaanse diere se prestasiegegewens met dié van diere in Amerika, Namibië en Australië vergelyk sal kan word.

Baie navorsing is gedoen om te verseker dat lande genoegsaam aan mekaar gekoppel is en dat die resultate van die lande versoenbaar is, deur byvoorbeeld maontlike genetiese en omgewingsinteraksie tussen lande te bepaal.

Verskeie ander telersgenootskappe begin nou met hul internasionale eweknieë saamwerk om semen uit te ruil om te verseker dat Suid-Afrikaanse diere genoegsaam met internasionale kuddes gekoppel is. Dit sal ook genomiese werk in die toekoms vergemaklik.

### Ekonomiese waarde

Baie van ons telersgenootskappe het ook 'n rand, of 'n gelykwaardige dollar vir Namibië, ekonomiese teelwaarde per dier, bekend staan as 'n ekonomiese seleksie-indeks, ingestel. Dié tegnologie stel kommersiële beesboere in staat om 'n bul of koei aan te skaf wat geselekteer is op grond van die dier

se vermoë om 'n ekonomiese waarde tot sy nageslag toe te voeg.

### Groter insigte

Ons besoek aan Australië in Mei vanjaar het ons almal 'n beter insig gegee in die land se sogenaamde BIN-programme (Beef Information Nucleus-programme) en in die doel van genomika, 'n beginsel waarin van ons telersgenootskappe nog nie ingekoop het nie. Die BIN-programme is 'n bedryfspoging om soveel bruikbare inligting as moontlik van diere met akkurate metings in te samel.

Ekonomies belangrike inligting soos voerdoeltreffendheid, vleisgehalte, asook maternale eienskappe soos melkproduksie en vrugbaarheid, is almal belangrike produksie-eienskappe vir 'n beesvleisproducent.

Daar was ook 'n behoefte dat ons rasbestuurders en/of die genootskapsverteenwoordigers aan die jongste ontwikkelinge in die internasionale vleisbeesbedryf blootgestel word, sodat hulle dié ontwikkelings tot voordeel van hul eie telers kan gebruik.

### Die Vleisbeeskool

Met vanjaar se Vleisbeeskool val die klem op "Vleis en reproduksie in die koeikudde" Die wêreld se voorste kenners sal saam met plaaslike kundiges die totale waardeketting, wat onder meer dieregesondheid, voeding, weidingsbestuur, DNS en genomika insluit, onder die loep neem. Martin Seyfferdt sal bul- en koeiseleksie toelig tydens praktiese sessies.

'n Groot inisiatief is ook vanjaar van stapel gestuur om boere in te lig oor die produk wat hulle produseer. 'n Vleis-prosessie sal die Woensdagmiddag aangebied word waar boere meer kan leer oor die smaaklikheid en sagtheid van verskillende snitte vleis. Dié sessie sal wys of boere werklik weet wat hulle aan die verbruiker voorsit! ■